MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 8 | 28 MEI 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Education is not the filling of a bucket, but the lighting of a fire.
W. B. Yeats

Education is teaching our children to desire the right things.
Plato

'n Groot woord van dank aan ons ouers wat die vuur in hulle kinders aansteek en hulle so motiveer om die regte dinge in hulle lewe na te streef. 'n Stewige handdruk aan Clubstream wat die College wonderlik in ons aktiwiteite ondersteun – julle lyk ook baie spoggerig in julle nuwe Clubstream-hemde. 'n Hartlike woord van dank ook aan ons ouers wat ons personeel in die klas, op die buitemuurse akker en op die terrein met respek hanteer – ons waardeer dit opreg.

In Plato se woorde hoop ek julle gaan die begeerte by julle kinders aanwakker om hulle doelwitte en drome tydens die komende eksamen na te jaag. Baie sterkte ook, en dankie vir die vroeg opstaan, die ekstra koffie aandra en die onderskraging. Ons matrieks het eweneens ondersteuning nodig om die kern van hul onderskeie kurrikulums in die volgende vier weke te bemeester. Alhoewel die netballiga gister tot 'n einde gekom het, lê daar nog uitspeelwedstryde voor. Soortgelyk is daar nog enkele rugby- en hokkieligawedstryde tydens die eksamen – dankie ook vir julle ondersteuning in hierdie verband.

Vergun my ook hierdie geleentheid om ons personeel te bedank wat hierdie kwartaal baie ure in die klas, op sportvelde en in konsertsale deurgebring het. Die opvoedkundige driehoek tussen ouer, personeel en kind kom tot sy reg danksy die spreekwoordelike ekstra myl wat julle loop. Doen so voort!

Ek wil voorts opnuut 'n beroep op leerders doen om na hulle besittings om te sien. Daar was onlangs enkele gevalle waar hardloopskoene na skool vanuit leerdersakke op ons eie, maar ook ander terreine gesteel is. Wees waaksaam en plaas jou besittings tydens oefeninge en wedstryde op 'n veilige plek.

Laastens, op 'n ligter noot, is ons nie net Maandag tydens saal deur Melodia getrakteer nie, maar die twee hadidas wat hul intrek in die dak geneem het, het ook vir opwinding gesorg. Hulle het met gereelde tussenposes van hulle laat hoor. Altwee het reeds die saal vir veilger weivelde verlaat.

MIDSTREAM COLLEGE-HANDELSMERK

Van tyd tot tyd gebeur dit dat ouers hulle insiatief gebruik en vir hulle kinders se span of vir ‘n toer items soos t-hemde en sportsakke laat maak. Ouers word daarop gewys dat die woorde Midstream College en die skoolwapen geensins sonder die skool se toestemming op sulke items gebruik mag word nie. Ouers word versoek om mnr Swart (lswart@midstreamcollege.co.za) te kontak voordat sulke items vervaardig word.